



eduresourceza.com

Greg se besoek aan sy ouerhuis in Johannesburg is allesbehalwe 'n gelukkige familie-samekoms. Greg word gekonfronteer met 'n reeks ontnugterende gebeure wat hom net verder aanspoor om die Baker te vind en hom te laat boet vir sy deel in die Project Nursery Rhyme.

Skryf nou 'n opstel van **250 - 350** woorde oor dié emosionele naweek wat Greg ervaar het. Skryf jou **woordtelling aan die einde neer**. Gebruik die ideekaart hieronder om jou te help. Volg die paragraafofwysings om jou antwoord te formuleer. Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word. Jou opstel moet 'n **inleiding** en 'n **slot** te hê.

INLEIDING

Paragraaf 1 Donderdagaand, Sandhurst

- Wie maak die deur vir Greg oop? (1)
- Gee Twee moontlike redes waarom Greg so geskok is. (2)
- Hoe verduidelik Greg se ma dié persoon se teenwoordigheid (2)

Paragraaf 2 Vrydagoggend, Kgosi Mampuru11-gevangenis.

- Wie, behalwe Chris Owen, wat Greg ken, is ook in hierdie tronk? Gee die naam en van. (1)
- In watter afdeling van die tronk is hulle en wat impliseer dit? (1)
- Waarom is hulle in die maksimum sekuriteitsafdeling van die tronk? (2)

Paragraaf 3 Chris Owen. Is dit sy eens magtige pa?

- Beskryf Chris Owen soos Greg hom nou sien. (2)
- Beskryf die omstandighede in die tronk waaronder Greg se pa nou leef. Verwys na sy sel en kos. (2)
- Waarvan beskuldig sy pa vir Greg? (1)
- Wat is sy reaksie wanneer Greg sê hy wil die Baker opspoor? (1)
- Wat is sy reaksie as Greg na Valkyrie uitvra? (1)

Paragraaf 4, Sandhurst:

- Vir wie ontmoet Greg in die oprit by die huis en wat is die verbintenis tussen hulle? (1)
- Wat vertel sy vir Greg en wat besef hy terwyl hulle gesels? (1)

Paragraaf 5 Sondagand, Stellenbosch

- Watter skokkende ontdekking wag vir Greg in sy woonstel? (2)

SLOT

[20]

20+5 = [25]

INLEIDING

Paragraaf 1

André Symington maak die deur oop. (1) Hy is Greg se ma se minnaar, maar sy is nog getroud alhoewel sy pa in die tronk is. (2) Haar verweer is dat sy eensaam is en dat hy 'n ou kennis is, nog lank voordat Greg se pa tronk toe is. (2) (5)

Paragraaf 2

Dok Pienaar is ook in hierdie gevangenis. (1) Hulle is albei in C-Max; hulle is lewenslank tronstraf gevonniss. (1) Beide van hulle was deel van Project Nursery Rhyme, wat 'n virus gekweek het. (1) Die virus het 'n pandemie veroorsaak wat tot die dood van baie mense gelei het. (1) (4)

Paragraaf 3

Greg is geskok om sy pa te sien, hy het merkbaar ouer geword. Hy is geklee in die tipiese gevangenis oranje oorpak (1) sy hare is gryser, hy is meer geboë, (1) en daar is duidelik iets verkeerd met sy knie.

Sy tronksel is klein, met 'n klein venstertjie, geen privaatheid, harde musiek, luise in sy matras. (1) Sy kos is meestal 'n waterige pap met opgekookte beesvleis of hoendereste. (1)

Chris beskuldig Greg dat dit Greg se skuld is dat hy in die tronk sit en dat hy die familienaam deur die modder gesleep het. (1)

Hy waarsku Greg om weg te bly van die Baker en weier om die identiteit van die Baker te openbaar. (1)

Hy is duidelik baie geskok en skrik merkbaar toe Greg hom uitvra oor Valkyrie. (1) (7)

Paragraaf 4

Na sy besoek aan sy pa ontmoet hy sy eks-meisie, Nicole. (1) Sy het 'n baba en het groot spyt dat sy haar jong, sorgelose lewe as gevolg daarvan moes afsien. Greg besef dat wat tussen hulle was, verby is. (1) (2)

Paragraaf 5

Iemand het by sy woonstel ingebreek, niks is gesteel nie, (1) maar 'n boodskap in bloed is op die skuifdeur; hy besef hy is in groot gevaar. (1) (2)

SLOT

[20]

BLOOMS se TAKSONOMIE

VRAAG 4	Vlak 1 Kennis	Vlak 2 Begrip	Vlak 3 Hoër denkvlakke
Inleiding		1	
Par 1	1	1, 1, 1	
Par 2	1	1	1, 1
Par 3	1, 1	1, 1, 1	1
Par. 4	1	1	
Par 5		1, 1	
Slot		1	
	25%	60%	15%

D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II, AFDELING A

INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne van die betrokke vraestel.</i>
STRUKTUUR EN TAAL (5)	KRITERIA
5 punte	Struktuur: Oorspronklike/ kreatiewe inleiding en slot; Feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Goeie inleiding en/ of slot; Feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding en/ of slot nie; Feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding en/ of slot nie; Opstel hortend en vloei nie. Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend . Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.